

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 7 MEI 2013 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 4/2013

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Johann Muller waarna al die lede welkom geheet word.

2. PRESENSIE

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Johan Lotter		Reebok (bo spoor)
Frik Nel		Reebokrif / Bewarea
Pieter le Roux		Kleinbrak
Charl de Wet		Kleinbrak
Ina Blom	Notuleerder	Reebokhoogte
Des Muller		Riverside
Mike Wray	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Len Rauch		Tergniet
Jan Roets		Tergniethoogte

2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
Rozain Hansen	Munisipaliteit

2.3 Afwesig met verskoning

Bertie Supra	Munisipaliteit	
Dorothy Barnard		Sekretaris/Tesourier
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Terrie Terblanche (siekverlof)		Riverside

3. LIEF EN LEED

Geluk aan Len wat die 21ste April verjaar het.

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
4.	<p>GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</p> <p>Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur met die volgende wysiging:</p> <p>Item 6.1 – Tweede paragraaf: Moet soos volg lees: Minister Anton Bredell het die saak afgekeur waarna dit weer geappelleer is en die hof gevind het dat die Minister buite sy posisie/goedkeuring opgetree het.</p> <p>Voorgestel en gesekondeer deur mnre Johann Lotter en Kallie Smit.</p>	
5.	<p>AANVULLENDE AGENDA</p>	
5.1	<p>Voorgestelde aftreeoord op gedeeltes 31, 41 en 53 van die plaas 136, gedeeltes 121 en 122 van die plaas 129 en plaas 309, Groot-Brakrivier</p> <p>Area is geleë aan die R102 tussen Toekoms en De Lange uitbreiding. Johann Muller noem dat inwoners al gekla het oor die kreosoot houtbehandeling en dat dit nie geskik is vir mense se longe nie. Baie saagsels is nog in die grond en rehabilitasie van die grond neem 15 jaar. Die Voorsitter noem dat die Vereniging geregistreer is as Belanghebbende en Geaffekteerde Party met die hersonering en omgewing inpak studie. Sit op aktiwiteitslys vir Julie 2013.</p>	
5.2	<p>Opgradering van Olckersweg – Cape Environmental Assessment</p> <p>Die vergadering neem kennis dat Cape Environmental Assessment as konsultante vir die projek aangestel is. CD's met detail word aan lede oorhandig met die versoek dat kommentaar aan die konsultante gestuur word teen die sperdatum van 15 Mei 2013. Haal af.</p>	Anton / Pieter / Charl / Frik
5.3	<p>Erfbelasting</p> <p>'n Bespreking vind plaas oor die bepaling van erfbelasting. Weens onduidelikheid word versoek dat die verantwoordelike amptenaar gevra word om die vergadering toe te spreek oor watter kriteria gebruik word.</p>	Rozain / Kallie
5.4	<p>Bouafval op ongemaklike plekke</p> <p>Johann Muller noem dat die kontrakteur en/of eienaar versoek moet word om die bourommel h/v Van Zylstraat en Impalaweg gereeld te verwyder omdat dit gevaarlik is en al in die straat lê. Die Bou-inspekteur moet gereelde inspeksies uitvoer om sulke gevalle te voorkom.</p>	Rozain / Abdul
5.5	<p>2de Laan 18, Riverside (Erf 249)</p> <p>Mnr Ernst van der Linden beoog om die ou asbeshuis te stroop en dit met 'n nuwe huis te vervang. Die proses wat gevolg moet word verg 'n toestemmingsbrief van die Vereniging dat hulle dit nie sal teenstaan nie. Des sal ondersoek instel en besonderhede deurstuur waarna 'n skrywe opgestel sal word. Haal af.</p>	Des / Dorothy

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
5.6	<p>Kennisgewingsborde</p> <p>Die M-Sec advertensieborde is nie 'n Midbrak Buurtweg initiatief nie en voldoen nie aan voorgeskrewe regulasies nie. Die aangeleentheid moet ondersoek word.</p>	Rozain
6.	<p>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</p>	
6.1	<p>Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 10 April 2013</p> <p>Die Voorsitter het Raadsheer Smit reeds gekontak vir terugvoering. Geen sake van belang tot die Vereniging was bespreek nie. Des en Lavinia sal die vergadering van 15 Mei 2013 bywoon.</p>	Des Lavinia
6.2	<p>Trap na see by derde laan – Tergniet ("wees versigtig" teken)</p> <p>Mnr Len Rauch is van mening dat die veiligheidshelling tussen 27 en 30 grade behoort te wees wat nie die geval is nie. Dit bly 'n gevaar en daar moet pro-aktief opgetree word.</p> <p>Alhoewel die Munisipaliteit van mening is dat 'n inligtingsteken onnodig is, word besluit dat die versoek weer gerig moet word.</p>	Dorothy
6.3	<p>Riverside Ontbossing – sekuriteitsrisiko vir inwoners asook Powertown mense</p> <p>Volgens terugvoer van die Munisipaliteit is die area ter sprake nie munisipale grond nie en is die aangeleentheid na die kontrakteur by die Brandweer verwys. Die situasie sal gemonitor word. Haal af.</p>	Anton
6.4	<p>Vordering en terugvoer met betrekking tot uitstaande sake deur die Munisipaliteit se Regsafdeling</p> <p>Nadat 'n opvolgbrief aan die Regsafdeling gestuur is, is 'n skrywe met aansoekvorms van die Munisipaliteit ontvang. Dit is duidelik dat die Vereniging se versoek vir inligting nie reg verstaan word nie. Raadsheer Smit het 'n afspraak gereël met die betrokke afdeling saam met die Voorsitter. Weens die tyd bestek om al die antwoorde betyds bymekaar te maak is 'n lys van sake saamgestel wat aan Raadsheer Smit gestuur is. Terugvoer is as volg:</p>	Anton / Kallie
6.4.1	<p>Kleinbrak Tennisbane: Tydsame proses – Gereelde terugvoer word aan die Tennisvereniging gegee.</p>	
6.4.2	<p>Erwe 264 en 271: Lang proses - wanneer resultate ontvang word, sal dit deurgegee word.</p>	
6.4.3	<p>Hersonering van landbougrond: Die Munisipaliteit is nie bewus van enige appèl saak of kennisgewing nie.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.4.4	Onregmatige handel in Impalaweg: Weens 'n fout op die dagvaarding is die saak uitgegooi. Die Voorsitter noem dat dit effektief hanteer moet word. Raadsheer Smit noem dat die Munisipale hof versoek dat persoon/getuie bereid moet wees om 'n verklaring af te lê, en ook te getuig.	
6.4.5	Erf 792, Fraaiuitsig ("spookhuis"): Die nodige kennisgewings is belê en die eienaar het begin skoonmaak.	
6.4.6	Drie verdieping huis JB Mullerstraat 10, Klein-Brakrivier: geen antwoord – sal verder opgevolg word.	
6.4.7	Drie verdieping huis Mullerstraat, Tergniet: Siviele aksie. Boulyn beperking oorskry. Erwe moes nie uitgesit gewees het nie.	
6.4.8	Koraalsingel: Planne is ingedien.	
6.4.9	Padreserwe: 29 April 2013 ingegee.	
6.4.10	Noordsiglaan 20, Klein-Brakrivier: 2009 reeds ingehandig.	
6.4.11	Erf 502, Albertiniaweg 25, Fraai Uitsig: Aandag is gegee.	
6.4.12	Duin/Landbougrond: Die Munisipaliteit het nog geen inligting/versoek ontvang nie.	
6.5	Tergniet naambord Alex van Zyl het die saak met Gibo Gerber opgeneem en is dit afgehandel. Haal af.	
6.6	Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif Die Voorsitter noem dat kaarte van die gebied van die Munisipaliteit ontvang is. Rozain bevestig dat die area nog nie gekarteer is nie en dus nog nie op GPS beskikbaar is nie omrede straatnommers nog ontbreek. Saak sal met Charl bespreek word sodra beskikbaar.	Rozain
6.7	Opvul van indraai na SPAR vanuit Brinkley- en Seashellstraat Volgens die Ontwikkelaar van die SPAR kompleks is die area onder bespreking munisipale area. Volgens die Munisipaliteit is die oprit nie 'n probleem nie omdat voldoende voorsiening gemaak moet word vir stormwaterdreinerings. Omdat klagtes van inwoners steeds ontvang word, sal die Munisipaliteit versoek word om 'n skriftelike aanbeveling te maak.	Dorothy
6.8	Donasie veldtog / databasis van inwoners Dorothy sal afskrifte laat maak van vorms vir kontakbesonderhede van inwoners en dit aan area verteenwoordigers oorhandig vir verspreiding in die gebied.	Dorothy

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.9	<p>Skoonmaak van erwe – nuwe ontwikkelings (langs Groenkloof aneks bekend as Reebok Leefstyl Landgoed)</p> <p>Die vergadering neem kennis van mnr Johnston se skrywe van 29 April 2013 onder andere:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die ontwikkeling bestaan uit ongeveer 150 leë erwe en behoort nog aan die ontwikkelaars, XCX Familietrust asook enkele (meestal sake-persele) wat reeds aan ander eienaars behoort. • Kennisgewings is gedurende Maart 2013 aan al die eienaars gestuur om die erwe skoon te maak (waarvan 'n paar reeds skoonmaak is). • Kwotasies/onderhandelinge met kontrakteurs is nog in proses om die oormeerderheid erwe skoon te maak. <p>Bourommel word in die area gestrooi en die Bou-inspekteur word gevra om gereelde inspeksies uit te voer.</p>	Rozain / Abdul
7.	PROJEKTE	
7.1	Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering	
7.1.1	Frik noem dat Amandaslot, Fraaiuitsig meer gate het as teerpad, dieselfde vir Van Rensburgstraat, Tergniet aan die einde van die doodloop na 4de Laan.	Rozain / Frik
7.1.2	Seesterstraat en Impalaweg: Stoptekens is foutiewelik deur die Munisipaliteit verwyder en sal reggestel word.	
7.1.3	Seesterstraat en Mossellaan: Versoeke vir spoedhobbels moet op die GOP-lys geplaas word. Dit is die Munisipaliteit se besluit om Stoptekens te verwyder, nadat verskeie voorstelle ingedien is.	
7.1.4	Straatname Luckhoff- en Harrisstraat skep groot verwarring. E-pos is aan die Munisipaliteit gestuur en terugvoer is nog uitstaande.	Anton
7.2	<p>Skoonmaak van erwe</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
7.3	<p>Rampbestuur</p> <p>Inligting wat van Gerhard Otto ontvang is moet nog op die webtuiste geplaas word. Haal af.</p>	Dorothy
7.3.1	<p>Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai</p> <p>Die vergadering neem kennis van die werkswinkel wat op 12 April plaasgevind het en wat baie professioneel aangebied is. Haal af.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.3.2	<p><i>Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan</i></p> <p>Die Voorsitter noem dat die Vereniging 'n verantwoordelikheid het om pro-aktief op te tree. Des en Terrie sal met Riverside se inwoners kontak maak en 'n plan saamstel vir die Munisipaliteit se aandag om sodoende huidige tekorte aan te spreek voor 'n volgende vloed plaasvind.</p>	Des / Terrie
8.	<p>FINANSIES</p> <p>Banksaldo is R15,947,67 en kontant voorhande R548,14. Dank aan Kruger de Wet vir sy donasies gedurende April.</p> <p>Johann Muller word 'n geleentheid gegee om te praat oor die Groot-Brakrivier Sport Akademie fondsinsamelingsprojek: Groot sukses is behaal met die afrigting van die kinders die afgelope 6 maande. Op 12 Mei 2013 vind 'n ope dag plaas. Kinders wat dwelms beoefen word daarvan afgehaal en daar word weer waarde toegevoeg tot hulle lewens. Hulle word besig gehou met kwaliteit sport en groot suksesse word bereik. Van die Buurtwag se kant is dit 'n goeie optrede en tot voordeel vir die inwoners en lede word hartlik uitgenooi vir hulle ondersteuning tot die dag se sukses. Enige finansiële bydraes is welkom en kan by Johann afgegee word.</p>	Dorothy
9.	<p>POLISIËRING / BUURTWAG</p> <p>Die vergadering neem kennis van twee pensionarisse wat 12 komberse aan die Polisie en ander buurtwagte geskenk het vir hulle aandaktiwiteite.</p> <p>Twee inbrake het in Klein-Brakrivier plaasgevind en vier verdagtes is in Powerton gearresteer.</p> <p>Da Gamastraat 16, Fraaiuitsig: 'n Verdagte was in die motorhuis. Klagtes is ontvang oor reaksietyd van die Polisie en kommunikasie probleme wat ondervind is tydens rapportering. Die aangeleentheid sal met die Bevelvoerder uitgeklaar word vir regstelling. Haal af.</p>	Anton
10.	<p>BEWAREA</p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
11.	<p>PLAASLIKE SAKE</p>	
11.1	<p>Fraaiuitsig</p>	
11.1.1	<p>Albertiniastraat 44: Onderzoek moet ingestel word na die houthuisie met advertensie baniere wat slordig vertoon in Impalaweg.</p>	Rozain
11.1.2	<p>Da Gamastraat 18: Op die sygaardjie is 'n palmboom wat jaarliks deur die Munisipaliteit gesnoei word. Dit oorgroei vinnig en ondersoek moet ingestel word of die palmboom nie eerder verwyder moet word nie.</p>	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
11.1.3	<p>Robertson se plaas: Navraag word gedoen oor "beheerde brande" wat gereeld plaasvind, met spesifieke verwysing na:</p> <p>(a) waarom word dit gedoen; (b) wie gee toestemming vir die brande; (c) wat was die motivering vir die aansoek; (d) waar pas Omgewingsake in by die proses vir die beskerming van skilpaaie, slange, ens.</p> <p>Gibo Gerber noem dat mnr Johnston van die Munisipaliteit gekry kan word om te verduidelik hoe die proses werk.</p>	Rozain
11.1.4	Die Munisipaliteit word bedank vir hul vinnige optrede en regstel van probleemareas.	Rozain
11.1.5	Straatname is nog uitstaande.	Rozain
11.2	Klein-Brakrivier	
11.2.1	Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea	
	Die vergadering neem kennis van die uitslag van die vergadering met mnr Pieter Myburg. R150 000 is begroot vir opgradering van Olckersweg en stormwaterdreinerings. Sien ook Item 5.2.	Anton/ Charl de Wet
11.2.2	Vervanging van geroeste chevron	
	Die versoek is aan die Dienstemoniteringsvergadering deurgegee. Staan oor.	Rozain
11.2.3	Aanbring van lamppaal – Louis Fourieweg	
	Die versoek dat 'n lamppaal in Louis Fourieweg by nommers 44 – 48 opgerig is word is aan mnr William Olivier deurgegee. Staan oor.	Rozain
11.2.4	Aanbring van 'n "Welkom in Klein-Brakrivier" bord	
	Aangesien nuwe borde in Midbrak opgerig is, word versoek dat dieselfde tipe bord ook by die grens van Kleinbrak opgerig word.	Rozain
11.2.5	Louis Fourieweg 7, erf 101: Die boom wat omgeval en gedeeltelik in die pad lê moet verwyder word.	Rozain
11.2.6	Die uitgekapte rooipitjie bome by die ablusiegeriewe moet verwyder word omdat dit 'n brandgevaar is.	Rozain
11.2.7	Trappe na die see: Charl noem dat die trappe by Kleinbrak nog nie herstel is nie. Die Voorsitter noem dat dit heel moontlik saam met die blouvlag aansoek hanteer sal word. Versoek kan weer deurgegee word aan Rozain vir ondersoek.	Charl / Rozain
11.2.8	Vraelys oor honde op strande: Navraag word gedoen oor die lys wat nie voorsiening maak vir kommentaar deur inwoners wat nie honde het nie. Die aangeleentheid moet dringend reggestel word.	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
11.2.9	<p>Louis Fourieweg 24 (Christo en Magda Pieterse): Die Vereniging het 'n versoek ontvang van die inwoners van Louis Fourieweg 24 oor 'n duin wat gevorm is langs hulle woning wat hulle see uitsig versper. Met die bou van die buurman se huis het die bouers hulle grond uitgestoot tot op die munisipale area en versuim om te verwyder. Jare later het 'n natuurlike duin gevorm. Inwoner het klagte deurgegee. Bou-Inspekteur moes daardie tyd daarop gelet het en dadelik deurgegee het aan Omgewingsake. Foto's as bewys is ontvang en sal aan die Munisipaliteit deurgegee word vir verdere aksie en moontlike regstelling.</p>	Anton
11.3	<p>Reebok</p>	
11.3.1	<p>Noord van die spoorlyn</p>	
	<p>Geen ernstige probleme.</p>	
(a)	<p>Onwettige handeldryf in Impalaweg</p>	
	<p>Die onwettige druiweverkoper in Impalaweg (naby die Poskantoor) is deur die Verkeersafdeling beboet en verwyder, maar is steeds aktief. Lede sal monitor en die Wetstoepassers verwittig. Haal af.</p>	Rozain
(b)	<p>Onwettige ingang vanuit Impalaweg – Erf 1155</p>	
	<p>'n Skrywe is aan die Munisipaliteit gestuur. Terugvoer is nog uitstaande.</p>	Dorothy
11.3.2	<p>Suid van die spoorlyn</p>	
	<p>Dank aan die Munisipaliteit vir die pad wat herstel is.</p>	
11.4	<p>Reebokhoogte</p>	
11.4.1	<p>Stoptekens op die h/v Seesterstraat en Mossellaan</p>	
	<p>Afhandeling van die versoek is nog in proses. Haal af.</p>	
11.5	<p>Reebokrif</p>	
	<p>Geen probleme nie.</p>	
11.6	<p>Riverside</p>	
11.6.1	<p>Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea</p>	
	<p>Rugby organiseerders van Powertown moet nog 'n lys van wedstryde voorsien waarna dit aan die Munisipaliteit gestuur sal word. Staan oor.</p>	Anton
11.6.2	<p>Stabilisering van wal: Twee toilette is goedgegunstiglik deur kontrakteurs opgerig.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
11.6.3	<p>Stormwaterdreinerings by 2de en 4de Laan: Gaan nie meer gedoen word nie. Honorarium moet aan Charl de Wet betaal word om ons by te staan om oplossings te vind vir voorlegging aan die Munisipaliteit. Vergoeding en opdrag moet reg deur gegee word aan die Vereniging.</p>	Des/Anton/Charl
11.7	<p>Tergniet en De Lange Uitbreiding</p> <p>Die vergadering neem kennis van die honde in Van Zylstraat wat aanhoudend blaf en dat Len dit reeds met die eienaar bespreek het.</p> <p>Die Munisipaliteit moet die Eden Distriksmunisipaliteit versoek om slaggate op die R102 en ook die een by De Lange Uitbreiding te herstel. Haal af.</p>	Rozain
11.8	<p>Tergniethoogte</p> <p>Geen ernstige probleme nie.</p>	
12.	<p>KORRESPONDENSIE</p>	
12.1	<p>Onvoltooide stafwerk</p> <p>Die vergadering neem kennis van die skrywe aan die Munisipaliteit. Dorothy is in gesprek met mnr Joubert Coetzee en monitor terugvoere. Haal af.</p>	
12.2	<p>Vakansieseisoen nabetrugting</p> <p>Die Munisipaliteit se antwoord op ons skrywe van 16 Februarie 2013 is nie ontvang nie weens die adresverandering van die Vereniging. Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se antwoorde op ons navrae. Haal af.</p>	
12.3	<p>Bedankingsbrief van Louise Boshoff gedateer 21 April 2013</p> <p>Kennis word geneem van die skrywe.</p>	
12.4	<p>Hersiening van straatname in die Midbrakgebied</p> <p>Die vergadering neem kennis van die skrywe gedateer 25 April 2013 aan die Munisipaliteit. Terugvoer is nog uitstaande.</p>	Dorothy
12.5	<p>Hersonering van landbougrond – Sharples se antwoord op ons skrywe van 13 Desember 2012 en 2 April 2013</p> <p>Die vergadering neem kennis van Sharples se skrywe gedateer 12 April 2013. Haal af.</p>	
12.6	<p>Ontbossing van sypaadjies</p> <p>Die vergadering bedank die Munisipaliteit, in besonder mnr Abrie Nel, vir die werk wat in die omgewing gedoen is. Impalaweg se gras is deur die Entrepreneurs gesny en vertoon baie netjies. Haal af.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.7	<p>Verwydering van "blou sakke"</p> <p>Die kontrakteur wat die "blou sakke" verwyder, het aan inwoners genoem dat hy nie meer die sakke gaan verwyder nie en dat dit slegs 'n tydelike reëling was. Navraag word dus gedoen of die diens opgeskort gaan word en op watter dae die sakke verwyder word.</p>	Rozain
13.	<p>VOLGENDE VERGADERING</p> <p>Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 4 Junie - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.</p>	
14.	<p>VERDAGING</p> <p>Die vergadering verdaag om 16:30.</p> <p>INA BLOM / DOROTHY BARNARD (Sekretaresse)</p> <p>NOTULEERSPAN</p> <p>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 5/2013 GEHOU OP 4 JUNIE 2013 – 13:00.</p> <p>ANTON DELLEMIJN VOORSITTER</p>	